Hoërskool Wilgerivier vier 140 jaar

Verlede naweek is daar heerlik feesgevier in Frankfort. Hoërskool Wilgerivier het op 17 Augustus 2018, 140 jaar van bestaan behoorlik gevier waartydens Bok van Blerk, ook opgetree het. Hierdie feesviering het plaasgevind op die Hoërskool Wilgerivier se sportgronde. Die hekke het sommer vroeg oggend oopgemaak vir lekker aktiwiteite wat deur die loop van die dag gebeur het. Leerlinge het die oggend in klasverband met die vlot na die sportgronde beweeg waarna daar lekker verjaarsdagkoek geniet was. Deur die dag is aktiwiteite soos onderandere, boeresport en 'n meganiese bul geniet, terwyl die potjiekos potte geprut het.

Landloopatlete presteer

Twee landloopatlete van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn het onlangs tydens die Vrystaat-landloopkampioenskappe in Bloemfontein goeie plekke in hulle ouderdomsgroepe behaal. Kaylie de Bruyn (5de) en SJ Jacobs(12de) kwalifiseer nou vir die SA Landloopkampioenskappe wat op 8 September in Port Elizabeth sal plaasvind.

PUBLIC NOTICE

Ngwathe MUNICIPALITY
The home of harmony, prosperity and growth

IDP REVIEW 2019/20 FINANCIAL YEAR

In terms of Municipal Systems Act 32 of 2000, section 28 (2) & (3) municipalities are required to adopt a process that it will follow in developing its IDP in consultation with its local community.
In compliance with the above, Ngwathe Local Municipality invites all interested and affected parties to register with the municipality to participate in its IDP review process for 2019/2020 financial year.

Tabeng ya Municipal Systems Act ea 32 ea 2000, karolo 28 (2) & (3) metse e tlameha ho nka tshebetso eo e tla e latela ho ntlafatsa IDP ya yona ka ho buisana le setjhaba sa motse. Tumellanong le Mantswe a ka hodimo, Setereke sa Ngwathe se memela bohle ba amehang le ba amehileng ho ngolisa le masepala hore ba kenye letsoho mosebetsing wa ho hlahloba IDP bakeng sa selemo sa 2019/2020.

The Process Plan has been drafted and is available at the municipal offices for perusal and comments. An IDP Representative Forum meeting will be scheduled after Council approved the Process Plan where all community structures, Ward Committees, registered NGO's, CBO's and business community of Ngwathe will be invited to participate in discussing the IDP review process for 2019/2020 financial year.

Morero wa Tsamaiso o ngotswe mme o fumaneha diofising tsa masepala bakeng sa ho nonya le maikutlo. Seboka sa Puisano ya IDP se tla hlophiswa ka mora hore Lekhotla le amohele Leano la Tshebetso moo dihlopha tsohle tsa setjhaba, Dikomiti tsa Kamare, Machaba a ngodisitsoeng, Mokhahlelo wa CBO le khwebo ya Ngwathe di tla memelwa ho ba le karolo ho buisana ka tshebetso ea tlhahlobo ea IDP bakeng sa selemo sa 2019/2020.

A Council meeting scheduled for 30 August 2018 at the Parys Forum building will consider the Draft Process Plan and inputs received for approval.

Seboka sa Lekhotla se hlophisitsweng ka 30 August 2018 mohaho wa Parys Forum se tla tshohla Draft Process Plan le mekhwa e amoheletsweng bakeng sa tumello.

For comments and clarity, contact Me. Puseletso Ndhlovu at 056 816 2700 during office hours.

Bakeng sa ditlhaloso le ho hlaka, ikopanye le Me. Puseletso Ndhlovu ho 056 816 2700 nakong ya dihora tsa mosebetsi

BW KANNEMEYER
MUNICIPAL MANAGER

Heilbronner presteer

Carlien Myburgh het in 2013 aan die Eendracht CVO skool te Heilbron gematrikuleer, as hoofmeisie, en met onderskeidings in al haar vakke. Sy studeer verder aan die Noordwes Universiteit en behaal die grade BSC Fisiologie en Psigologie, asook BSC Fisiologie Honeurs met lof. Sy het vanaf haar eerste jaar in al haar vakke op toetsvlak, asook in die eksamens onderskeidings behaal, en was elke jaar die topstudent.

As deel van die "Hypertension in Africa Research Team", is sy tans besig met haar Meestersgraad en is ook deeltydse dosent aan die NWU. Haar eerste internasionale publikasie "Coping and Cardiac Troponin T - a risk for hypertension and sub-clinical ECG left ventricular hypertrophy: The SABPA study" is onlangs gepubliseer in die Australiaanse en Nieu-Seelandse joernaal, "Heart, Lung and Circulation". Sy het verder die laasgenoemde artikel voorgedra by die tweejaarlikse "Stroke and Hypertension" kongres in Stellenbosch.

Sy en haar gesin is diep dankbaar teenoor die Here.